

Ander kantoorkontakte:

Webwerf: www.nda.org.za
Facebook: NDA Adopt an ECD Campaign-RSA
Twitter: @nda_rsa
Instagram: nda_rsa



NDA

National
Development
Agency

**NOA: INLIGTINGSBROSJURE
OOR
PROGRAMME**



WIE IS ONS?

Die Nasionale Ontwikkelingsagentskap (NOA) is 'n regeringsagentskap met die mandaat om 'n bydrae te lewer om armoede en sy oorsake in Suid-Afrika uit te roei.

ONS MANDAAT

Ons primêre mandaat is om 'n bydrae te lewer om armoede en sy oorsake uit te roei deur fondse aan burgerlike samelewingsorganisasies (BSO's) toe te ken om:

- ontwikkelingsprojekte in arm gemeenskappe in werking te stel; en
- die institusionele kapasiteit van BSO's wat dienste aan arm gemeenskappe lewer, te versterk.

Die sekondêre mandaat is om:

- Konsultasie, dialoog en die deel van ontwikkelingsondervinding tussen BSO's en tersaaklike staatsorgane te bevorder.
- Debat oor nasionale ontwikkelingsbeleid te bevorder.
- Navorsing te onderneem en publikasies te genereer wat daarop gemik is om die grondslag vir ontwikkelingsbeleid te vorm.

MISSIE

Om volhoubare ontwikkeling te fasiliteer deur burgerlike samelewingsorganisasies wat betrokke is by die uitroei van armoede, te versterk deur kapasiteit te verhoog met behulp van fondse en navorsing.

VISIE

'n Samelewing vry van armoede.

WAT DOEN ONS?

Die NOA versterk die kapasiteit van burgerlike samelewingsorganisasies wat met arm gemeenskappe werk ooreenkomstig hul primêre en sekondêre mandate. Op hul beurt benut arm gemeenskappe wat op BSO's staatmaak om ontwikkeling en dienslewering deur die implementering van anti-armoedestrategieë en -programme wat lewensonderhoud in begunstigde gemeenskappe te versnel, die voordeel daarvan.

BURGERLIKE SAMELEWINGSORGANISASIES: ONTWIKKELINGSPROGRAM

Die ontwikkelingsprogram van BSO's is die NOA se oorkoepelende program waardeur die agentskap strewende om die kapasiteit van BSO's te versterk ten einde doelmatige en doeltreffende dienste aan die arm gemeenskappe wat hulle dien, te verskaf. Die agentskap erken BSO's as ontwikkelaars wat bydra tot ekonomiese, maatskaplike en demokratiese ontwikkeling met die oog daarop om armoede uit te roei en die lewe van begunstigde gemeenskappe te verbeter. Die NOA tree derhalwe as katalisator of agent van verandering op; en sy werksaamhede word via die ontwikkelingsprogram in die volgende vier intervensies of ingrypings begrond:



social development

Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



sassa

SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

NASIONALE KANTOOR

Tel: 011 018 5500
E-pos: info@nda.org.za
Wellingtonstraat 26
Parktown
Johannesburg
2193

GAUTENGSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 011 492 1494
E-pos: gautengprovince@nda.org.za
Metropolitangebou, 2de Vlak
Foxstraat 108
Johannesburg
2001

LIMPOPO PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 015 291 2492
E-pos: limpopoprovince@nda.org.za
Marketstraat 66A
Polokwane
0700

OOS-KAAPSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 043 721 1226/7
E-pos: ecprovince@nda.org.za
Vincendon Kantoorpark
Donaldstraat 8
Vincent
Oos-Londen
5201

VRYSTAATSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 051 430 2024
E-pos: freestateprovince@nda.org.za
Allied House, 3de Vlak
H/v Charlotte Maxeke & Burgerstraat-wes
Bloemfontein
9300

WES-KAAPSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 021 422 5175
E-pos: westerncapeprovince@nda.org.za
Chambers-gebou, 2de Vlak
Keeromstraat 50
Kaapstad
8001

KWAZULU-NATALSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 031 305 5542
E-pos: kznprovince@nda.org.za
Corporate Place-gebou, 9de Vlak
Dorothy Nyembe-straat 9
Durban
4001

NOORD-WES PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 018 392 6892
E-pos: northwestprovince@nda.org.za
Joule Straat 4059
Mafikeng
2749

MPUMALANGA PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 013 755 1478 / 013 755 3777
E-pos: mpumalangaprovince@nda.org.za
Grondvloer, Biwatergebou
Brandersstraat 16
Nelspruit
1200

NOORD-KAAPSE PROVINSIALE KANTOOR

Tel: 053 831 4828
E-pos: northerncapeprovince@nda.org.za
Dalhamstraat 13
Kimberley
8301

1. Formaliseringsprosesse van BSO's


Deur middel van die ontwikkelingsraamwerk van die NOA word sy formaliseringsproses gefasiliteer en ondersteun om te sorg dat verskeie organisasies gehelp word om te groei en wetlike status te bekom.

Deur middel van hierdie ingrypingsprogram help die NOA organisasies om:

- Hulself in formele strukture te organiseer om die doelwit waarna hulle strew, te vervul;
- Alle inligting wat hulle bekom so te organiseer dat die struktuur as 'n formele organisasie soos 'n nie-winsorganisasie (NWO) of koöporasie, kan registreer;

- Voltooi registrasievorms om as NWO of koöporasie te registreer;
- Dien registrasievorms by die registrasieowerheid in waaronder hulle wil registreer (NWO-direktoraat: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom);
- Assesseer hul behoeftes deeglik om te sorg dat hulle voldoen aan die registrasiewet waaronder hulle geregistreer is.

BSO: Ontwikkelingsmodel



2. BSO's Institusionele Kapasiteitsbou

Intervensie of ingryping ten behoeve van BSO's is daarop gemik om hul organisasievermoëns op te bou sodat hulle op programbehoefes, nakoming aan registrasievereistes en verslagdoening aan befonders, kan reageer. Die program fokus daarop om BSO's se institusionele vermoëns te versterk en te sorg dat hul vermoëns en kapasiteit om hul organisasies en hul programme doeltreffend te bestuur, verhoog word. Die benadering wat gebruik word om die kapasiteit van organisasies te bou, behels:

Opleiding

Die NOA verskaf geakkrediteerde en nie-geakkrediteerde modules in:

- Basiese Boekhou- en Finansiële Bestuur
- Konfliktbestuur
- Projekbestuur
- Regeringsbestuur
- Hulpbronmobilisasie
- Nakoming aan registrasievereistes
- Gemeenskapsontwikkelingspraktyk
- Netwerk- en Eksterne Betrekkinge

Mentorskap

Die NOA verskaf en fasiliteer mentorskap sessies aan BSO's om hul pogings om organisatoriese bestuursaktiwiteite te versterk, te steun. Die mentorskapsessies word binne die organisasie se werksomgewing aangebied.

Inkubasie

Die NOA werk met gevestigde BSO's en ander instellings in plaaslike gebiede om

inkubasiesentra te vestig. Hierdie sentra help organisasies om hul stelsels en prosesse te leer ken en te verbeter. Advies en praktiese voorbeelde word verskaf om organisatoriese bestuur, stelsels en prosesse te versterk.

3. BSO's: Befonding en Hulpbronmobilisasie

Befonding word aan BSO's verskaf om die lewensgehalte in gemeenskappe deur middel van programme of projekte wat die armes help, te verbeter. Finansiële en niefinansiële hulpbronne word geïdentifiseer en gemobiliseer om NWO's en BSO's te steun. Hierdie funksies verskaf hulp oor verwysings van BSO's na staats- en privaat instellings, asook plaaslike en internasionale skenkers, vir addisionele steun.

Deur middel van hierdie ingrypingsprogram verskaf die NOA die volgende dienste:

- Befondingsbehoefte-assessering vir BSO's
- Die skryf van befondingsvoorstelle, hantering van persoonlike vergaderings
- Meedeling van belangrike boodskappe aan potensiële befonders
- Verskaf befonding aan BSO's vir ontwikkelingsprogramme en projekte in arm gemeenskappe

- Ontwikkel hulpbronmobilisasieplanne wat daarop gemik is om die organisasie se volhoubaarheid te verseker
- Ontwerp, implementering en monitering van hulpbronmobilisasie-aktiwiteite.

4. BSO's: Volhoubaarheidskakels

'n Volhoubare BSO is een wat voortgaan om mettertyd sy missie na te kom en sodoende aan die behoeftes van sy vernaamste belanghebbers – in die besonder sy begunstigdes en ondersteuners – te voldoen. As sodanig moet volhoubaarheid gesien word as 'n deurlopende proses eerder as 'n doel op sigself. Dit is 'n proses wat interaksie tussen verskillende strategiese, organisatoriese, programmatiese, maatskaplike en finansiële elemente behels.

Deur middel van hierdie ingrypingsprogram verskaf die NOA die volgende dienste:

- Behoefte-assessering van skakels na volhoubare geleenthede
- Identifiseer volhoubaarheidsgeleenthede vir befonding en markte vir BSO-produkte en dienste
- Fasiliteer skakels vir volhoubaarheidsgeleenthede plaaslik, provinsiaal, nasionaal en internasionaal
- Help en fasiliteer toegang vir BSO's tot befonding en markgeleenthede wat geïdentifiseer is
- Fasiliteer die skepping van plaaslike, provinsiale en nasionale netwerke vir BSO's met maatskaplike belange of doelwitte.

NAVORSING

Die program fokus op die uitvoer van navorsing en evaluering wat nasionale ontwikkelingsagendas belig. Hierbenewens skep die navorsingsprogram platforms vir debatte en dialoog tussen staatsorgane, die privaat sektor en die BSO-sektor oor sake wat met nasionale ontwikkelingsbeleide te doen het.

Die navorsingsprogram verskaf ook publikasies oor beste praktyke om die deel van lesse en goeie praktyke in die maatskaplike ontwikkelingssektor te bevorder. Byvoorbeeld:

- Gevallestudies wat inligting aan BSO's verskaf oor hoe om die implementering van NOA-programme en ingrypings te verbeter.
- Opdragte oor beleid word gebruik om debat te beïnvloed en om by ontwikkelingsbeleid wat die BSO-sektor raak, betrokke te raak.
- Navorsingsverslae wat beplanning, implementering en innovasie van ontwikkelingsprogramme in die BSO-sektor belig.
- Evalueringsverslae oor projekte en programme wat deur die NOA in werking gestel is.